# MALFO Training / Opleiding

**Op Perseel Tegniese Opleiding / On site Technical Training**

Uitsiglaan 14, Worcester, Tel: 023 342 2028, Fax: 086 554 6556, Cell: 082 735 8222
**www.malfo-opleiding.co.za**

**"WAT JY SAAI SAL JY MAAI"**

**Gestig sedert 2005**

---














**<u>TEGNIESE EN LEWENSVAARDIGHEDE OPLEIDING PROSPEKTUS</u>**

**<u>MURRAY MALLINSON</u>**

# 2024

# MALFO Training / Opleiding

**Op Perseel Tegniese Opleiding / On site Technical Training**
E-pos: murray@breede.co.za
Uitsiglaan14, Worcester, Tel: 023 342 2028, Fax: 086 554 6556, Cell: 082 735 8222

---

## VAARDIGHEIDS HEFFINGS (SDL)

Indien u besigheid se lone, salarisse en rantsoene meer as R750 000 per jaar beloop, vereis SARS dat u 1% van daardie bedrag aan hom oorbetaal (m.a.w.1% van R750 000 = R5 000). Ons kan van 2013 af net 20% van daardie 1% (20% van R7500 = R1000 ) terugeis en aanwend vir opleiding. Indien u van my dienste as SDF (Skills Development Facilitator) gebruik wil maak, gaan dit u niks kos nie **MITS u dieselfde bedrag wat ons kan terug eis, se opleiding by ons doen.** M.a.w. as u lone en salarisse R750 000 vir die afgelope jaar gewees het, dan sal u ten minste R3000.00 se opleiding by ons moet doen. As dit R1 000 000 vir die jaar gewees het dan sal u R3850.00 se opleiding by ons moet doen ensovoorts.

Indien u besluit om **nie enige opleiding** by ons in die betrokke jaar waarin ek as SDF vir u gewerk het, te doen nie, gaan **die SDF diens wat verrig is, u 'n R3300.00 kos**.

## GELYKE INDIENSNEMING (EMPLOYMENT EQUITY)

Alle besighede wat meer as 50 mense in diens het moet volgens wet registreer as 'n Gelyke Indiensneming organisasie en sekere vorms moet jaarliks voltooi word en sekere prosedures moet gevolg word. Indien u maatskappy aan die riglyne voldoen , kan ons die Gelyke Indiensneming proses vir u behartig.

**Koste: R3300 per organisasie**

## WIETA KOSULTASIE

Die onderstaande is van belang as julle deur WIETA geoudit moet word.

Ter voorbereiding van jul WIETA oudits later vanjaar, sal dit goed wees as daar 'n WIETA opleidingsessie met alle werkers gehou kan word terwyl daar nog tydelike werkers op die plaas is. So 'n sessie duur ongeveer 2 uur en kan deur die produsent self aangebied word of daar kan gebruik gemaak word van Murray Mallinson (Malfo opleiding) se dienste teen R300 per uur.

**Koste: R660 per onderneming**

## WERKNEMERS EVALUERING

### 1. POTENSIAAL BEPALING (WNNR)

Ons meet die opleibaarheid van die lae vlak geskoolde en ongeskoolde werkers. Die evaluering bestaan uit 'n oriëntering sessie asook 'n WNNR ontwerpte aanleg toets. Die werkgewer ontvang terugvoering oor die opleibaarheid van elke werknemer wat getoets word. Die werkgewer kan dus alle opleiding beter beplan en implementeer

**Tyd: 2 ure**
**Koste: R400 per persoon**
**Maks. Grootte 15 persone**

### 2. LEIER EVALUERING

Ons evalueer die leiersvaardighede en –eienskappe van huidige en potensiële spanleiers, toesighouers en middelvlak bestuurders. Breedvoerige terugvoering word aan die werkgewer gelewer om huidige en potensiële leiers se sterk en swak punte te identifiseer. Die werkgewer leer ken sy werknemers op 'n ander vlak en kan alle leierskap-rolle toeken op grond van karakter en vaardighede.

**Tyd: 3 ure**
**Koste: R780 per persoon**
**Maks. Grootte 8 persone**

MALFO OPLEIDING

# TEGNIESE OPLEIDING

## 3. VEILIGE GEBRUIK VAN KRAG GEREEDSKAP IN DIE LANDBOU

In hierdie kursus poog ons nie om van die leerders vakmanne te maak nie, en verwag ons dat die leerders vertroud is met die basiese gebruik van krag gereedskap. Ons konsentreer spesifiek op die veilige gebruik van kraggereedskap en PTO aangedrewe sirkelsae asook die beveiliging van tuisgemaakte sirkelsae wat meestal gebruik word om **wingerd stompies en "Black Wattle" bome op te sny vir vuurmaak hout.** Wat beteken 'n Gesondheid en Veiligheidsverttenwoordiger en wat is hul pligte.
Ons assesseer die leerders in die fisiese gebruik van 'n kettingsaag en ook PTO aangedrewe sirkelsaag en daarna gee ek hulle 'n toets om te sien hoeveel hulle geleer het en hierdie toets dien dan ook as 'n bewys vir die Seta dat die kursus wel plaasgevind het.
**Tyd: 1.5 dae   Koste: R970 per persoon   Min. Grootte: 8 persone**

## 4. ALGEMENE HAND EN KRAG GEREEDSKAP PRAKTYKE IN DIE PLAAS WERKSWINKEL EN WERKSWINKEL BESTUUR/STOORMAN

In hierdie kursus konsentreer ons oor die veilige gebruik van hand- en krag gereedskap, die onderhoud daarvan, skerpmaak van beitels en bore en Werkswinkel bestuur stelsels. Die veilige stoor en rekordhouding van gereedskap. Algemene werkswinkel praktyke en die uitleg van 'n goeie werkswinkel. Wat beteken dit om 'n verantwoordelike stoorman te wees en Stoor stelsels in plek te hê
**Tyd: 1 dag Koste: R970 per persoon Min. Grootte: 8 persone**

## 5. BRAND VOORKOMING, BRAND BESTRYDING EN NOOD ONTRUIMING

Hierdie kursus is 'n praktiese werkswinkel waarin die leerder 'n veiligeheidsbewustheid en kultuur aanleer en om gevaar en brandpunte uit te ken, uit te skakel of te bestuur, brande te bestry en om Nood ontruiming te doen
**Tyd: 1 dag Koste: R780 per persoon Min. Grootte: 8 persone**

## 6. VEILIGE KETTINGSAAG PRAKTYKE

In hierdie kursus konsentreer ons net op kettingsae, die veilige gebruik daarvan en hoe om vaardig te raak in die gebruik van 'n kettingsaag. Hierdie kursus is redelik intensief en baie prakties. Die kursus voldoen ook aan die standaarde wat deur die Departement van Arbeid neergelê is. In die kursus leer hulle om die Kettingsaag te onderhou, skoon te maak en die lemme skerp te maak. Elke leerder saag ook ten minste een boom af. **Ek verwag ook dat die klient wat die kursus aanvra, genoeg bome wat afgesaag moet word, sal verskaf. Elke leerder is verantwoordelik vir sy eie Persoonlike Beskerming Toerusting.** Die kursus is ook een waar die leerder 'n sekere standard **moet** slaag. Indien die leerder slaag is sy bedryfspermit geldig vir 2 jaar.
**Tyd: 1.5 dae**
**Koste: R970 per persoon**
**Min. Grootte: 8 persone**

## 7. TREKKER INSTANDHOUDING

Dit is nie 'n werktuigkundige kursus nie maar die leerder leer hoe om vir sy trekker te sorg, verkomende (preventative) instandhouding te doen en om te verstaan hoe 'n binnebrandenjin werk en waarom dinge verkeerd loop. Daar word gepoog om 'n liefde en 'n trots vir sy trekker by die leerder te kweek. Hy word geleer hoe om te luister na sy trekker en 'n gesonde enjin geluid van 'n "siek" een te onderskei.
**Tyd: 1 dag Koste: R970 per persoon   Min. Grootte: 8 persone**

WAFO OPLEIDING

8. **TREKKER VEILIGHEID EN SPUITPOMP HANTERING volgens AVCASA module 6**

Hierdie is nie ‘n trekkerbestuur kursus nie maar dit loop hand in hand met die bostaande een en daar word met die kursus gekonsentreer om die leerder veiligheids bewus te maak, bewus te wees van die gevare van trekker bestuur. Die spuitpomp gedeelte is omvattend en is deur AVCASA op gestel.

**Tyd: 1 dag. Koste: R970 per persoon Min. Grootte: 8 persone**

9. ***KOMBINASIE* TREKKER INSTANDHOUDING EN VEILIGHEID, EN SPUITPOMP AVCASA module 6 riglyne**

Hierdie is ‘n kombinasie van kursus nr. 6 en 7 waar albei kursusse volledig behandel word.

**Tyd: 1.5 dae Koste: R970 per persoon Min. Grootte: 8 persone**

10. ***KOMBINASIE* TREKKER INSTANDHOUDING, TREKKER VEILIGHEID EN TREKKER OPERATEUR LISENSIE**

In hierdie kursus word die Trekker Operateur geassesseer om sy bevoegdheid met die hantering van die Trekker en sleepwa/spuitpomp te bepaal. Dit word met Trekker Instandhouding gekombineer om ‘n **Totale Trekker Operateur Verantwoordelikheidskursus** daar te stel.

**Tyd: 1.5 dae**
**Koste: R1050 per persoon**
**Min. Grootte: 8 persone**

11. **SPUITPOMP KALIBRASIE**

Hierdie kursus is ‘n praktiese werkswinkel waarin die leerder opgelei word om ‘n spuitpomp te kalibreër. Omdat spuitpomp kalibrasie wiskundig van aard is, sal dit verkieslik wees dat die leerders wiskundig geletterd is.

**Tyd: 4 ure**
**Koste: R780 per persoon Min. Grootte: 10 persone**

12. **VEILIGE HANTERING VAN CHEMIESE STOWWE VIR PLASE volgens AVCASA module 6**

In hierdie kursus bespreek ons: Berging en bestuur van chemiese stowwe, Wegdoening van leë houers, RSA klassifikasie, Riglyne vir persoonlike beskerming, Beter gesondheid en ‘n veiliger omgewing, Simptome van vergiftiging en nood prosedures.

**Tyd: +- 1 dag Koste: R780 per persoon Min. Grootte: 10 persone**

13. **VEILIGE HANTERING VAN CHEMIESE STOWWE VIR KELDERS volgens AVCASA module 6**

In hierdie kursus bespreek ons: Berging en bestuur van chemiese stowwe, Wegdoening van leë houers, RSA klassifikasie, Riglyne vir persoonlike beskerming, Beter gesondheid en ‘n veiliger omgewing, Simptome van vergiftiging en nood prosedures. Gevaarlike Chemiese Stowwe in Kelders Inligting Program

**Tyd: 1 dag Koste: R780 per persoon Min. Grootte: 10 persone**

14. ***KOMBINASIE* VEILIGE HANTERING VAN CHEMIESE STOWWE EN SPUITPOMP HANTERING volgens AVCASA module 6**

Hierdie is ‘n kombinasie van kursus nr. 9 en die spuitpomp gedeelte van nr.6 waar albei kursusse volledig behandel word.

**Tyd: 1dag**
**Koste: R780 per persoon Min. Grootte: 10 persone**

MALEO OPLEIDING

15. ***KOMBINASIE* VEILIGE HANTERING VAN TREKKERS, SPUITPOMPE EN CHEMIESE STOWWWE volgens AVCASA module 6**

Hierdie is 'n kombinasie van kursus nr. 7 en 11, basies 3 kursusse in een waar al drie kursusse volledig behandel word.

**Tyd: 1.5 dae**
**Koste: R970 per persoon**
**Min. Grootte: 10 persone**

16. ***KOMBINASIE* TREKKER INSTANDHOUDING EN VEILIGE HANTERING VAN SPUITPOMPE EN CHEMIESE STOWWWE volgens AVCASA module 6**

Hierdie is 'n kombinasie van kursus nr. 6 en 11, basies 3 kursusse in een waar al drie kursusse volledig behandel word.

**Tyd: 1.5 dae**
**Koste: R970 per persoon**
**Min. Grootte: 10 persone**

17. **DRAADSPAN EN –HEINING OPRIGTING**

Ons wil in hierdie kursus die leerder toerus met die vaardigheid om draad heinings op te rig en behoorlik draad te span. Daarom wil ek graag hê dat die produsent alreeds pale geplant het vir die oprigting van 'n heining sodat die leerders die werk vir hom kan klaarmaak en sodoende die nodige ondervinding opdoen. Dit word van leerders verwag dat hulle hul eie draadspan toerusting sal saambring. Afhangend van die leerders se vaardigheid en ander omstandighede mag die tydsduur verleng word na 2 dae.

**Tyd: 1.5 dag**
**Koste: R970 per persoon**
**Min. Grootte 8 persone**

18. **GROND VERSKUIWING TOERUSTING ALGEMENE APPARAAT ONDERHOUD**

Hierdie kursus is spesifiek opgestel vir die onderhoud en veilige hantering van Grond Verskuiwing Toerusting.

**Tyd: 1 dag**
**Koste: R970 per persoon**
**Min. Grootte: 8 persone**

19. **VEILIGE HANTERING EN ONDERHOUD VAN HIDROLIESE KRUIPER GRAAF APPARAAT**

Hierdie kursus is spesifiek opgestel vir die onderhoud en veilige hantering van Grond Verskuiwing Toerusting.

**Tyd: 1 dag**
**Koste: R970 per persoon**
**Min. Grootte: 8 persone**

20. **BEVOEGDHEID SERTIFISERING VAN HIDROLIESE KRUIPER GRAAF MASJIEN (EXCAVATOR)**

Hierdie sertifisering behels 'n praktiese toets van die operateur se apparaat-vernuf en alle veiligheids kontroles word met die operateur behandel.

**Tyd: 0.5 dae per persoon**
**Koste: R950 per persoon**
**Min. Grootte: 8 persone**

MAFO OPLEIDING

21. **<u>VEILIGE HANTERING EN ONDERHOUD VAN HIDROLIESE LAAIGRAAF (DIGGER LOADER)</u>**

Hierdie kursus is onder die kategorie van Grond Verskuiwing Toerusting en is spesifiek opgestel vir die onderhoud en veilige hantering van 'n Laaigraaf.

**Tyd: 1 dag**
**Koste: R970 per persoon**
**Min. Grootte: 8 persone**

22. **<u>VURKHYSER OPERATEUR volgens 'n U.S. standard: SAQA:US 242974</u>**

Malfo Opleiding is 'n geakrediteerde Diens Verskaffer by TETA (Transport Seta) en Dept. Van Arbeid sowel as QCTO (Quality Control Of Trades And Occupations) en M. Mallinson is 'n geakrediteerde Assessor en Moderator by TETA en ETDP Seta.
Hierdie is 'n vurkhyserbestuur kursus en moet aan die vereistes van die Departement van Arbeid sowel as TETA voldoen. **<u>Nuwe Leerders:-</u>** Omdat hierdie 'n verkorte kursus is moet die kliënt 'n vorm onderteken wat sê dat die leerder **ten minste 36 uur praktiese ondervinding op 'n vurkhyser het.** Indien die leerder geen kennis van die vurkhyster het nie, moet hy vir die vol kursus van 5 dae inskryf, wat ons ongelukkig nie meer aanbied nie. Die leerder **moet 'n oogtoets slaag (PDP voldoende) en 'n mediese fiksheid verklaring** aflê. Ons moet 'n afskrif van beide hê. Dit is 'n baie intensiewe kursus waar die leerder 'n sekere standaard **moet** slaag. Indien die leerder slaag is sy bestuurspermit geldig vir 2 jaar.

**Tyd: 1 tot 2 dae**
**<u>Nuut:</u> Koste: R970 per persoon**
**Min. Grootte: 7 persone**
**<u>Hernuwings kursus:</u>** Vir persone wat alreeds 'n lisensie het maar dat dit binne 90 dae verval het.
**Tyd: 4-8 ure**
**Koste: R780 per persoon Min. Grootte: 7 persone**

23. **<u>BEROEPSVEILIGHEID EN GESONDHEID VIR PRODUSENTE/BESTUURDERS EN GESONDHEID EN VEILIGHEIDS-VERTEENWOORDIGERS IN DIE -INGENIEURS/ VERVAARDIGERS EN MUNISIPALE BEDRYF</u>**

In hierdie kursus wil ons die leerder opvoed om 'n verantwoordelike en netjiese werkswinkel en stoor bestuurder te wees. Hoe om stelsels in te stel en te implementeer, behoorlike boekhouding te hê en om 'n werkswinkel en stoor te bestuur wat aan NOSA (Dept. Van Arbeid Veiligheidswetgewing) se vereistes voldoen. Wat beteken 'n Gesondheid en Veiligheidsverteenwoordiger en wat is hul pligte. Alle aspekte van die Beroepsgesondheid en Veiligheid Wetgewing en oudit, word ook gedek.

**Tyd: 1 dag**
**Koste R970 per persoon Min. Grootte: 8 persone**

24. **<u>BEROEPSVEILIGHEID EN GESONDHEID VIR PRODUSENTE/BESTUURDERS EN GESONDHEID EN VEILIGHEIDS-VERTEENWOORDIGERS IN DIE LANDBOU</u>**

In hierdie kursus behandel ons Beroepsveiligheid en Gesondheid soos uiteengesit deur die Departement van Arbeid vir Produsente, Bestuurders en Gesondheid en Veiligheidsverteenwoordigers en wil ons die leerder opvoed om 'n verantwoordelike moniteerder van veiligheid en gesondheids-praktyke in die werksplek, te wees. Dit is spesifiek gemik op die Landbou. Hoe om stelsels in te stel en te implementeer, behoorlike boekhouding te hê. Wat beteken dit om'n Gesondheid en Veiligheidsverteenwoordiger te wees en wat is hul pligte. Alle aspekte van die Beroepsgesondheid en Veiligheid Wetgewing en oudit, word ook gedek

**Tyd: 1 dag Koste R780 per persoon    Min. Grootte: 8 persone**

MALFO OPLEIDING

25. **BEROEPSVEILIGHEID EN GESONDHEID BEAMPTE (HEALTH AND SAFETY OFFICER) IN DIE LANDBOU**

In hierdie kursus behandel ons Beroepsveiligheid en Gesondheid soos uiteengesit deur die Departement van Arbeid vir Produsente, Bestuurders en Gesondheid en Veiligheidsbeampte en wil ons die leerder opvoed om ‘n verantwoordelike moniteerder van veiligheid en gesondheids-praktyke in die werksplek, te wees. Dit is spesifiek gemik op die Landbou **en dit sluit die Ongelukke, Insidente en Amper Ongelukke Ondersoeke kursus in.** Hoe om stelsels in te stel en te implementeer, behoorlike boekhouding te hê. Wat beteken dit om‘n Gesondheid en Veiligheidsbeampte te wees en wat is hul pligte. Alle aspekte van die Beroepsgesondheid en Veiligheid Wetgewing en oudit, word ook gedek.

**Tyd: 1 dag**

**Koste R780 per persoon Min. Grootte: 8 persone**

26. **VEILIGE WERKSWINKEL PRAKTYKE VIR VAARDIGE EN *ALGEMENE WERKERS* -INGENIEURS/ VERVAARDIGERS EN MUNISIPALITEITE BEDRYF**

Hierdie kursus is baie soos die bostaande behalwe dat dit op vloervlak gerig is en konsentreer **op wat die werker** se wetlike verpligtinge m.b.t. gesondheid en veiligheid in die werksplek is. Ons dek ook alle aspekte van veilige gereedskap hantering in al die betrokke departemente van die maatskappy.

**Tyd: 1 dag**

**Koste: R780 per persoon**

**Min. Grootte: 10 persone**

27. **VEILIGHEID EN GESONDHEID VIR ALGEMENE WERKERS IN DIE LANDBOU**

Hierdie kursus is baie soos die bostaande behalwe dat dit op vloervlak gerig is en konsentreer op wat die werker se wetlike verpligtinge m.b.t. gesondheid en veiligheid in die werksplek is. Dit is spesifiek gemik op die Landbou. Ons dek ook alle aspekte van veilige gereedskap hantering in al die betrokke departemente van die maatskappy.

**Tyd: 1 dag**

**Koste: R780 per persoon**

**Min. Grootte: 10 persone**

28. **GESONDHEID EN PRODUKTIWITEIT IN DIE WERKSPLEK VIR DIE LANDBOU**

Die leerder word opgelei en bewus gemaak van alle aspekte van gesondheid, persoonlike en werksplek –higiëne, die belangrikheid van netheid in die werksplek. Basiese aspekte van higiëne word geidentifiseer en bespreek en die gevolge van swak higiëne op die mens en die organisasie word beklemtoon.

Die tweede gedeelte van **netheid in die werksplek**, bestaan uit die volgende modules:

- Netheid in die werksplek
- Persoonlike netheid
- Produk/dienskwaliteit
- Netheid en Produktiwiteit
- Probleme in jou organisasie
- Wêreldklas

‘n Derde gedeelte: **Beste praktyke in die Werksplek** word hierby gevoeg. Gedurende die Beste praktyke Werkswinkel (ook genoem die motiverings Werkswinkel), word daar gefokus op die beginsel van beste praktyke, asook die huidige stand van sake in die onderneming aangaande beste praktyke. Werkers en bestuur word betrek sodat alle hindernisse en probleme pro-aktief opgelos kan word. Werkers kry die geleentheid om hul eie rolle te definieer, take te

MALFO OPLEIDING

beskryf, hindernisse te bespreek en oplossings te dinkskrum. Die materiaal word voordie tyd met die produsent bespreek en aangepas indien nodig.
**Tyd: 1 dag**
**Koste: R780 per persoon**
**Min. Grootte: 10 persone**

### 29. VOERTUIG (TROK EN TREILER) INSTANDHOUDING
Hierdie kursus is baie soos die Trekker Instandhouding kursus behalwe dat ons spesifiek konsentreer op ander voertuie, alles met wiele, met of sonder enjins. Baie keer word daar skade aangerig aan voertuie as gevolg van onkunde en 'n gebrek aan 'n effektiewe onderhoud stelsel.
**Tyd: 1 tot 1.5 dae**
**Koste R970 per persoon**
**Min. Grootte: 8 persone**

### 30. BASIESE NOODHULP
Hierdie kursus is gemik op basiese Noodhulp vir die hele werksmag soos aanbeveel deur die Departement van Arbeid.
**Tyd: 1 dag**
**Koste: R780 per persoon**
**Min. Grootte: 10 persone**

### 31. SPANLEIER / TOESIGHOUER
Modules wat in die kursus gedek word is die volgende:

| | |
|---|---|
| Ek as leier van my span<br>Effektiewe bestuur meting<br>Deelnemende Bestuur en kontroles<br>Hoe motiveer ek my span<br>Produktiwiteit en Rekord houding | Kommunikasie<br>Dissipline<br>Indiensneming<br>Spanwerk en Vaslegging |

Ook in hierdie kursus behandel ons alle aspekte van konflik hantering onder andere:

| | |
|---|---|
| Kommunikasie<br>Leierskapstyl<br>Die wortel en vrug van konflik | Soorte konflik, span konflik<br>Griewe Prosedures<br>Dissiplinêre optredes |

In hierdie kursus stel ons ook verskillende temperamente bekend en doen 'n ontleding. Hierdie ontleding is belangrik vir 'n persoon om te weet hoekom hy/sy in 'n sekere situasie optree soos hul doen en bemagtig hulle om hulself, hul mense, en hul optredes, beter te verstaan.

**Tyd: 1.5 dag**
**Koste R970 per persoon  Min. Grootte: 8 persone**

### 32. MENSLIKE HULPBRON BESTUUR
Hierdie kursus is primêr bedoel vir Bestuurders, eienaars en ander individue wat aan die hoof van 'n werkersmag staan. Hierdie is 'n top gehalte kursus waarin daar na verskeie aspekte t.o.v. arbeidsverhoudinge, spanleier opleiding, kommunikasie, griewe prosedures en dissiplinere optredes gekyk word. Ons begin met 'n temperaments analise waarin ons die sterk en die swak punte van elke temperament uitlig sodat die  bestuurders weet in watter areas hulle kan verbeter. Die kursus bevat ook 'n tydsbestuur afdeling.
**Tyd: 1 dag Min. Grootte: 15 persone**
**Koste R970 per persoon, middagete en verversings uitgesluit**

MAFO OPLEIDING

### 33. DIE TEORIE VAN KOMMUNIKASIE

Hierdie kursus is redelik gevorderd en daar word aanbeveel dat leerders verkieslik matriek geslaag het. Onderwerpe wat behandel word is die volgende:

| | |
|---|---|
| ♦ Herken die behoefte van kommunikasie | ♦ Skakel irrelevante inligting uit |
| ♦ Lees oor ‘n onderwerp | ♦ Kritiese leesvaardighede |
| ♦ Skryf ‘n verslag / opdrag | ♦ Evalueer inligting op wêreldwye webtuistes |
| ♦ Teken ‘n breinkaart | ♦ Wettige gebruik van inligting |
| ♦ Voorbeeld: Handel en Bestuur | ♦ Kommunikasie van inligting |
| ♦ Soek funksies | ♦ Wenke t.o.v. aanbiedinge |
| ♦ Bekom inligting | ♦ Wenke t.o.v. plakaat ontwerp |
| ♦ Gebruik verskillende inligtingsbronne | ♦ Wenke t.o.v. brosjure ontwerp |
| ♦ Gesag | ♦ Wenke t.o.v. uitstallings |
| | ♦ Skryfwyse |

**Tyd: 2 dae**
**Koste R970 per persoon of R7800 in totaal**
**Min. Grootte: 12 persone**

### 34. PLUK EN SORTEER VIR SPANLEIERS

Hierdie is ‘n **ELI** kursus wat spesiaal geskryf is vir die sagte vrugte bedryf maar kan wel aangepas word vir die oes van enige landbou produk in samewerking met die betrokke produsent. Dit help om spanleiers op te lei en ‘n stuk gereedskap in die hand te plaas waarmee hulle beter beheer oor die pluk en sorteer van vrugte kan toepas gedurende oestyd. Verder kan die kursus vir 2 verskillende teikengroepe gebruik word nl. (a) Die Spanleiers / Toesighouers / Voormanne en (b) Die plukspanne, waar die plukspanne die verkorte een sal ontvang.

| | |
|---|---|
| **Tyd: 1.5 dae vir Spanleiers**<br>**Koste R970 per persoon**<br>**Min. Grootte: 8 persone** | **Tyd: 1 dag vir Plukspanne**<br>**Koste R750 per persoon**<br>**Min. Grootte 10 persone** |

### 35. KANTOOR ADMINISTRASIE

Hierdie kursus is redelik gevorderd en daar word aanbeveel dat leerders verkieslik matriek geslaag het. Die doel van hierdie module is om administratiewe personeel en ontvangsdames op te lei in basiese kantoor administrasie. Modules wat in hierdie kursus gedek word is die volgende:

| | |
|---|---|
| ♦ Geklee vir die rol | ♦ Kommunikasie in die Kantooromgewing |
| ♦ Kleredrag | ♦ Aktiewe luister |
| ♦ Liggaamstaal | ♦ Verstaan jou rol in gesprekvoering |
| ♦ Professionele gedrag | ♦ Bly kalm tydens konflik |
| ♦ Handdrukke en groet | ♦ Implementeer effektiewe telefoonontvangs beginsels |
| ♦ Ontwerp & implementeer ‘n liasseerstelsel | |

**Tyd: 2 dae  Koste R970 per persoon of R7800 in totaal  Min. Grootte: 12 persone**

### 36. GRASSNY, BOSSIEKAP EN ALGEMENE GRASPERK ONDERHOUD

In hierdie kursus konsentreer ons net op grasperke en onkruid verwydering, die veilige gebruik daarvan- en hoe om vaardig te raak in die gebruik van die nodige toerusting. Hierdie kursus is redelik intensief en baie prakties. Die kursus voldoen ook aan die standaarde wat deur die Departement van Arbeid neergelê is. Dit is ‘n baie intensiewe en baie praktiese kursus waar die leerder ‘n sekere standard **moet** slaag. Indien die leerder slaag is sy bedryfspermit geldig vir 2 jaar.

**Tyd: 2 dae**
**Koste: R970 per persoon      Min. Grootte: 8 persone**

MALFO OPLEIDING

**37. INSIDENTE, ONGELUKKE EN AMPER ONGELUKKE ONDERSOEK KURSUS**

Hierdie kursus is primêr bedoel vir Bestuurders, eienaars en ander individue wat aan die hoof van 'n werkersmag staan en die nodige riglyne nodig het om ongelukke en insidente te ondersoek

**Tyd: 0.5 dag Koste: R780 per persoon Min. Grootte: 10 persone**

# NUTSMAN KURSUSSE

**BEIDE DIE BOOGSWEIS EN DIE GASSWEIS KURSUS WORD OP DIE PLAAS OF BY U BESIGHEID AANGEBIED OF ALTERNATIEF BY ONS SWEIS SENTRUM IN WORCESTER**

**38. SWEIS KURSUS (BOOGSWEIS/ARC WELDING): MODULE 1**

'n Voorvereiste vir die kursus is dat die leerder alreeds 'n aanvaarbare graad van handvaardigheid besit. Dit sal die leerder in staat stel om behoorlik te sweis met 'n "arc welder" en sluit in:

| | |
|---|---|
| Ampere stelling van apparaat | Veiligheid prosedures |
| Dun plaat sweis | GS en WS Sweis apparate |
| Pyp sweis | Staal afskuinsing |
| Hoek sweis | Wortel sweislas |
| Oorslag sweis | Warm oorslag sweis |
| Horisontale sweis | Vertikale sweis |
| Oorhoofse sweis | F1 tot F4 posisie sweis |
| 45° hoek sweis | Vleklose staal met stokkie sweis |

**Projek: klein koffie tafel. Die leerder word hierop geassesseer en is hierna die eiendom van die leerder.**

Die kursus is geskoei op die Elsenburg Sweis kursus "Metaalwerk op die plaas"

**Tyd: 4.5 dae. Koste: R3850 per persoon Min. Grootte: 8 persone**

**39. GASSWEIS EN SNY, SOLDEERSWEIS, PLASMA SNY EN MASJIEN GEREEDSKAP: MODULE 2**

'n Voorvereiste vir die kursus is dat die leerder 'n aanvaarbare graad van handvaardigheid besit en dat hulle alreeds die Sweis module 1 kursus voltooi het. Hierdie kursus sluit in die volgende:

| | |
|---|---|
| Opstel en Kalibrering van Gas silinders | Veilige Gas sweis prosedures |
| Vlamstelling vir Gas sweis | Koper sweis |
| Staal verharding | Lood soldeerwerk |
| Dun plaat sweis | Maak 'n setapparaat |
| 45° hoek sweis | Opstel en Kalibrering van Gas Snywerk |
| Staalverbindings deur gas smelting | Dun en dik plaat snywerk |
| Sweissoldeerwerk | Sirkel snywerk |
| Silwer soldeerwerk | Basiese gereedskap vervaardiging |
| Plasma snywerk | Maak 'n Plasma sny setapparaat |
| Porta Pack sweis | Afskuinsing met 'n Gas snytoestel |
| Opstel en gebruik van 'n vertikale staanboor apparaat | Gebruik hoek en bank slyptoestelle |

**Projek: Staal koffie tafel. Die leerder word hierop geassesseer en is hierna die eiendom van die leerder.**

**Tyd: 4.5 dae**

**Koste: R4 950 per persoon**

MATO OPLEIDING

**40. TIG & MIG SWEIS, EN BASIESE KETELMAKERY – MODULE 3:**

'n Voorvereiste vir hierdie kursus is dat die persoon reeds bevoeg verklaar moet wees vir module 1 en 2 van Sweis. Hierdie kursus sluit in die volgende:

| | |
|---|---|
| Opstel en Kalibrering van Argon Gas Vloei meters | Opstel en Kalibrering van MIG/MAG Gas Vloei meters |
| TIG en MIG Veilige prosedures | Opstel van die MIG sweis apparaat |
| Vaardigheid in Skuur TIG sweis apparaat | Vaardigheid in MIG sweis apparaat |
| Vaardigheid in Hoë frekwensie TIG sweis apparaat | Struktuur sweis G1 tot G5 posisies |
| Dun plaat TIG | 45° kodeerde sweis |
| Staalverbindings deur TIG Argon gas smelting | Basiese Ketelmakery |
| Plaat metaal werk | Ontwerp beplan en uitvoering van 'n projek |
| TIG Vlekkelose staal | TIG Aluminium |

**Projek: 'n Braai op wiele. Die leerder word hierop geassesseer en is hierna die eiendom van die leerder.**

**Tyd: 4.5 dae**
**Koste: R6 600 per persoon**

**41. BASIESE KONSTRUKSIE SKRYNWERKER KURSUS: MODULE 1**

'n Voorvereiste vir die kursus is dat die leerder alreeds 'n aanvaarbare graad van handvaardigheid besit. Hierdie is 'n **basiese skrynwerk** kursus geskoei op die hout gedeelte in huis konstruksie en die leerder sal met afloop van die kursus basiese skrynwerk vaardighede baas geraak het. Modules sluit in:

| | |
|---|---|
| Werkswinkel Veiligheid | Beitels skerpmaak |
| Bekendstelling en gebruik van Masjien gereedskap | Bekendstelling en gebruik van Handgereedskap |
| Dakkap konstruksie | Deurrame installeer |
| Holkern deure | Installeer 'n slotstel |
| Kry 'n deur om in sy raam te pas | Afronding van deur en raam |
| Projek: Installeer 'n deur | Dak herstelwerk |

**Projek: 'n 45* hoek saagbank. Die leerder word hierop geassesseer en is hierna die eiendom van die leerder.**

**Tyd: 4.5 dae Koste: R4 400 per persoon Min. Grootte: 8 persone**

**42. SKRYNWERKER KURSUS: MODULE 2**

'n Voorvereiste vir die kursus is dat die leerder alreeds 'n aanvaarbare graad van handvaardigheid besit. Hierdie is 'n **meer gevorderde skrynwerk** kursus as module 1 en die leerder sal met afloop van die kursus basiese skrynwerk vaardighede baas geraak het. Modules sluit in:

| | |
|---|---|
| Werkswinkel Veiligheid | Beitels skerpmaak |
| Veilige gebruik van Masjien gereedskap | Bekendstelling en veilige gebruik van Handgereedskap |
| Navorsing en Beplanning | Veilige en regte gebruik van 'n banksaag |
| Lessenaar met laai plan | Die akurate gebruik van meet instrumente |
| Tong en groef konstruksie | Afronding en mitres |
| Projek: Maak 'n lessenaar en laai | Dak herstelwerk |

**Projek: 'n lessenaar en laai. Die leerder word hierop geassesseer en is hierna die eiendom van die leerder.**

**Tyd: 4.5 dae Koste: R4400 per persoon Min. Grootte: 8 persone**

MALFO OPLEIDING

### 43. KABINETMAKER (MAAK EN INSTALERING VAN KOMBUIS EN KAMER KASTE) KURSUS: MODULE 1

'n Voorvereiste vir die kursus is dat die leerder alreeds 'n aanvaarbare graad van handvaardigheid besit. Hierdie is 'n **meer gevorderde skrynwerk** kursus as module 1 en die leerder sal met afloop van die kursus die maak en instalering van kombuis en kamer kaste vaardighede baas geraak het. Modules sluit in:

| | |
|---|---|
| Werkswinkel uitleg | Hardeware – skroewe,skarniere ens. |
| Veilige gebruik van hand gereedskap | Vaardigheid en veilige gebruik van Masjien gereedskap |
| Navorsing, Beplanning en Koste beraming | Veilige en regte gebruik van 'n banksaag, staanboor en Biscuit jointer |
| Meet en sny | Die akurate instalering van kas komponente |
| Netheid, Akuraatheid en Veiligheid | Afronding en netheid |
| Projek: Maak en instaleer'n kombuis of klere kas en maak 'n badkamer kassie | Klient benadering en Faktuur invordering |

**Projek: Maak en instaleer'n kombuis of klere kas. Die leerder word hierop geassesseer en die badkamerkassie is sy eiendom.**

**Tyd: 4.5 dae Koste: R5500 per persoon Min. Grootte: 8 persone**

### 44. *KOMBINASIE* NUTSMAN KURSUS (SWEIS, LOODGIETER, ELEKTRISETEIT EN SKRYNWERKER)

Die **Nutsman kursus** sluit die volgende in:

1) 1.5 dae boogsweis.of Teël kursus. Projek: Vervaardig Diefwering vir 1 venster
2) 1.5 dae basiese algemene huis loodgieter herstelwerk. Projek: Herstel lekkende kraan, ontstop geblokte drein en verwyder "airlock" in warmwater stelsel
3) 1 dag basiese elektriseteit herstelwerk. Projek: bedraad muurprop en ligskakelaar
4) 1 dag basiese skrynwerk (carpentry). Projek: leer om 'n deur in te sit

**Tyd: 4.5 dae**
**Koste: R4 400 per persoon**
**Min. Grootte: 8 persone**

**Projek: 'n Braai driehoek. 'n verlengingskoord en 'n projek van hul eie keuse uit pallethout Die leerder word hierop geassesseer en is hierna die eiendom van die leerder.**

### 45. BASIESE LOODGIETER EN TEËL KURSUS: MODULE 1

'n Voorvereiste vir die kursus is dat die leerder alreeds 'n aanvaarbare graad van hand vaardigheid besit. Hierdie is 'n **basiese Loodgieterswerk** kursus en die leerder sal met afloop van die kursus basiese loodgieterswerk vaardighede baas geraak het. Hierdie kursus is oop vir verandering soos deur die klient verlang word. **Modules sluit in**:

| | |
|---|---|
| Loodgietersveiligheid | Ontwerp en beplanning van 'n stort |
| Bekendstelling en gebruik van Loodgietersgereedskap | Bekendstelling en gebruik van Teël gereedskap |
| Pype: tipes en bybehore | Conex en koper bybehore |
| Soldering en lek opsporing | Krane en wassers |
| Geute en afloop pype | Teël van 'n vloer |
| Teël van 'n vloer of muur | Projek: Installeer 'n stort |

**Projek: 'n Klein mosaiek tafeltjie. Die leerder word hierop geassesseer en is hierna die eiendom van die leerder.**

**Tyd: 4.5 dae**
**Koste: R3850 per persoon Min. Grootte: 8 persone**



MALFO OPLEIDING

**46. ELEKTRIESE KURSUS: MODULE 1**

'n Voorvereiste vir die kursus is dat die leerder alreeds 'n aanvaarbare graad van handvaardigheid besit. Hierdie is 'n **basiese elektriese bedrading** kursus en nie 'n elektrisiën kursus nie. Die leerder sal met afloop van die kursus basiese elektriese bedrading vaardighede baas geraak het en as hulp vir 'n elektrisiën kan werk.

**Modules sluit in**:

| | |
|---|---|
| Elektriese Veiligheidsprosedures | Alles volgens Saqa 258960 |
| Volts, Ohms en Ampere | Basiese elektiseteit en hoe dit werk |
| 3 punt proppe en elektriese toebehore | "Conduit", elektriese draad en toebehore |
| Muur slote en die gebruik van 'n "fish tape" | Muurprop bedrading |
| Lig toebehore | Elektriese instrumente |

**Projek: 'n Tafel lamp. Die leerder word hierop geassesseer en is hierna die eiendom van die leerder.**

**Tyd: 4.5 dae**

**Koste: R3850 per persoon Min. Grootte: 8 persone**

**47. BASIESE BOU BEGINSELS: MODULE 1**

In hierdie kursus leer die student hoe om 'n plan te lees, 'n eenvoudige fondasie op te trek, fondasie te gooi en 'n eenvoudige struktuur te bou tot venster hoogte. Daar word van die produsent verlang om 'n eenvoudige struktuur te identifiseer wat gebou moet word, aan wettige vereistes soos plan goedkeuring te voldoen en al die materiaal te verskaf. Elke leerder moet ook sy eie messel-toerusting hê.

**Tyd: 4.5 dae**

**Koste: R3850 per persoon Min. Grootte: 8 persone**

**48. BASIESE STEIERWERK (RIGGING) KURSUS**

'n Voorvereiste vir die kursus is dat die leerder alreeds 'n aanvaarbare graad van handvaardigheid besit. Die leerder sal met afloop van die kursus basiese steierwerk (rigging) vaardighede baas geraak het en as hulp vir 'n ambagsman kan werk.

**Modules sluit in**:

| | |
|---|---|
| Steierwerk veiligheid | Steierwerk construksie |
| Gebruik van 'n Tirfor en Kettingtrekker | Gebruik en opstel van "n "Block en Tackle" |
| Slingers en Koppelinge | Hand seine |
| Touwerk en knope | Hys prosedures |

**Tyd: 4-4.5 dae Koste: R3850 per persoon Min. Grootte: 8 persone**

**49. VERWER KURSUS**

Daar word van die produsent verlang om 'n eenvoudige struktuur te identifiseer wat geverf moet word. In hierdie kursus leer ons dan die leerder hoe om mure in alle stadiums, voor te berei vir verf, voorbereiding om plavonne te verf. Verf gereedskap. Netjiese te werk en afronding.

**Tyd: 2 dae**

**Koste: R970 per persoon Min. Grootte: 8 persone**

MAFO OPLEIDING

# LEWENSVAARDIGHEID KURSUSSE

**50. HUWELIKSOPVOEDING:**

Hierdie kursus is gegrond op Bybelse beginsels vir 'n goeie huwelik en daarmee saam verhoudinge. 'n Baie praktiese Vigs gedeelte word aan die einde gedoen. Vir hierdie kursus het ons die meeste positiewe terugvoering van al ons kursusse gekry.

**Tyd: 3 sessies van 4 ure elk. Dus 12 ure in totaal.**
**Koste: R750 per persoon**
**Min. Grootte: 10 persone**

**51. OUER LEIDING:**

Hierdie is weereens 'n kursus wat gegrond is op Bybelse riglyne vir verantwoordelike ouerskap waarin ons onder andere die volgende hanteer:

| | |
|---|---|
| Goue reëls vir ouerskap,<br>Grootmaak van seuns en dogters,<br>Dissipline<br>Enkelouers | Konflik hantering<br>Kindermishandeling<br>Tieners<br>Tik |

Hierdie kursus het ook al baie byval by Produsente en werkers gehad en saam met Huweliksopvoeding, het ons die kursus al talle kere in die Breederivier Vallei aangebied.

**Tyd: 3 sessies van 4 ure elk. Dus 12 ure in totaal.**
**Koste: R750 per persoon**
**Min. Grootte: 10 persone**

**52. KEN JOUSELF, JOU KIND EN DIE WET**

In hierdie kursus stel ons verskillende temperamente bekend en doen ontleding. Hierdie ontleding is belangrik vir 'n persoon om te weet hoekom hy/sy in 'n sekere situasie optree soos hul doen en word ook vir die produsent deur gegee om sy mense, en hul optredes, beter te verstaan. Verdere inligting oor die kind se ontwikkelingfases word gegee. Die regte van 'n werknemer **sowel as** die van die werkgewer word behandel.

**Tyd: 3 sessies van 4 ure elk. Dus 12 ure in totaal.**
**Koste: R750 per persoon**
**Min. Grootte: 10 persone**

**53. KEN JOUSELF**

In hierdie kursus stel ons verskillende temperamente bekend en doen 'n ontleding. Hierdie ontleding is belangrik vir 'n persoon om te weet hoekom hy/sy in 'n sekere situasie optree soos hul doen en word vir die produsent deurgegee om sy mense, en hul optredes, beter te verstaan.

**Tyd: 1 sessie van 4 uur**
**Koste: R350 per persoon Min. Grootte: 25 persone**

**54. KARAKTERBOU:**

Die doel van die kursus is 'n bewusmaking van universele waardes wat organisasies kan gebruik om die werkplek meer produktief te maak deur beter verhoudings, effektiewe kommunikasie, konflik hantering, verantwoordelike besluitneming en betroubaarheid aan te spreek.

MALFOOPLEIDING

**Die volgende modules word gedek**:

| | |
|---|---|
| Wie is ek? | Verantwoordelikheid |
| My karakter en persoonlikheid | Regverdigheid |
| My besluite | Omgee |
| 6 Pilare; | Goeie Burgerskap |
| Betroubaarheid xxxxx | Respek |

**Tyd: 3 sessies van 4 ure elk. Dus 12 ure in totaal.**
**Koste: R750 per persoon Min. Grootte: 10 persone**

## 55. WEES GELDWYS :

Die persoon wat hierdie kursus voltooi sal die vaardigheid en begrip hê om hul persoonlike finansies beter te bestuur en sal die volgende vaardighede aanleer:

1. Die opstel van ‘n persoonlike begroting
2. Finansiële rekord houding
3. Kennis dra van die voordele en nadele van ‘n bank vir die uitbetaal van salarisse.
4. Hoe om ‘n Bankrekening te gebruik en beleggings te maak.
5. Bankkostes en hoe om die meeste van jou geld te kry
6. Kennis dra van alle aspekte van skuldmaak en die funksies en eienskappe van huurkoop
7. Om ander bronne van inkomste te ontgin.
8. Hoe om uit skuld te kom
9. Welvaart beplanning

**Tyd: 3 sessies van 4 ure elk. Dus 12 ure in totaal.**
**Koste: R750 per persoon Min. Grootte: 10 persone**

## 56. BASIESE BESIGHEIDS BEGINSELS

Hierdie is ‘n uitstekende kursus, gegrond op die ou 6 M kursus wat jare gelede deur **Die Landlike Stigting** aangebied was. Ons doen weg met all wanopvattings en gee die leerder nuwe insig oor sy rol op die plaas/besigheid en hoe alles inmekaar steek. Aan die einde doen ons ook ‘n rolspel waarin die leerder self ‘n kans kry om ‘n denkbeeldige plaas/besigheid te bestuur. Hierdie speletjie maak regtig hulle oë oop en dien dan ook as assessering en bewys vir die Seta dat opleiding plaas gevind het. Hierdie kursus is oorspronklik geskoei op die Landbou, maar kan vir enige bedryf aangepas word.

**Tyd: 3 sessies van 4 ure elk. Dus 12 ure in totaal.**
**Koste: R750 per persoon Min. Grootte: 10 persone**

## 57. BASIESE BESIGHEIDS BEGINSELS VIR BESTUURDERS

Hierdie is ‘n uitstekende kursus, gegrond op die ou 6 M kursus wat jare gelede deur **Die Landlike Stigting** aangebied was en Basiese Suksesvolle Besigheidsbestuur praktyke. Ons doen weg met all wanopvattings en gee die leerder nuwe insig oor sy nuwe rol as bestuurder op die plaas/besigheid en hoe alles inmekaar steek. Aan die einde doen ons ook ‘n rolspel waarin die leerder self ‘n kans kry om ‘n denkbeeldige plaas/besigheid te bestuur. Hierdie speletjie maak regtig hulle oë oop en dien dan ook as assessering en bewys vir die Seta dat opleiding plaas gevind het. Hierdie kursus is oorspronklik geskoei op die Landbou, maar kan vir enige bedryf aangepas word. Die volgende sake en baie meer word ook gedek; Kwitansies, begroting, vervanging, instandhouding, personeel, wins en selfs verlies-bestuur.

**Tyd: 3 sessies van 4 ure elk. Dus 12 ure in totaal. Of 1.5 dae**
**Koste: R780 per persoon Min. Grootte: 8 persone**

**58. <u>MAAK REG</u>**

Hierdie is 'n kursus wat versoening, vergifnis en regstelling bewerkstellig tussen jou en ander. Hierdie kursus is 'n produk wat voort gevloei het uit 'n behoefte van boere om die onmin, rusie en geweld wat baie keer 'n kenmerk van plaas arbeiders se lewensstyl is, aan te spreek. Die kern van die kursus is om reg te maak met jou buurman, familie en werkgewer en ook jou en God. Onmin lei tot wraak, wat tot gevolg het dat verhoudings van die familie en daarmee saam die samelewing vernietig. In die kursus word daar klem gelê dat mense verantwoordelikheid vir hulle dade moet neem. Ook versoening, vergifnis en herstel van verhoudinge word behandel
Dis 'n kursus wat genesing meebring wat lei tot 'n gesonde, geballanseerde werker..
Hierdie kursus word met groot welslae in die Gevangenisse aan gebied wat tot 'n verandering lei. Dit word selfs deur die owerhede erken en word as voorvereiste gestel, voor parool toegeken word.

**Tyd: 3 sessies van 4 ure elk. Dus 12 ure in totoaal.**
**Koste: R750 per persoon Min. Grootte: 10 persone**

**59. <u>LEEF GESOND</u>**

Daar is gevind dat plaaswerkers se gesondheid, as gevolg van verkeerde eet gewoontes, lei tot oorgewig, suikersiekte, artritis en vele ander kwale. In hierdie kursus fokus ons op 'n gesonde lewensstyl en al die voordele wat dit meebring.
In hierdie kursus konsentreer ons op goeie eetgewoontes, bekostigbare natuurlike aanvullings en 'n gesonde leefstyl. Hierdie kursus is geskryf op aanvraag van sekere produsente en ook op ons eie waarneming van die ongesonde leefstyl van plaaswerkers.

**Tyd: 3 sessies van 4 ure elk. Dus 12 ure in totaal.**
**Koste: R750 per persoon**
**Min. Grootte: 10 persone**

**60. <u>HUISHOUDELIKE GEWELD:</u>**

Die kusus help mense verstaan wanneer hulle mishandel word en hoe om uit so 'n verhouding te kom. Dit gee inligting oor verslawing en sluit ook in wat die herstellingsproses is vir mense wie hierdeur geraak word.

**Tyd: 3 sessies van 4 ure elk. Dus 12 ure in total.**
**Koste: R750 per persoon**
**Min.Grootte:10 persone**

MALFO OPLEIDING

## <u>ALGEMEEN</u>

- Vanaf Maart 2008 is alle gekwoteerde pryse BTW **uitgesluit** en moet dit bygevoeg word. Op groter groepe kan 'n afslag beding word.
- Reiskoste word eers bereken wanneer die opleidingsplek 30 km of meer van Worcester af gelëe is en dit word bereken op R3.50 per kilometer heen en weer. Hierdie tarief sal verander na gelang van die heersende petrol pryse. Indien die kliënt op veraf geleë plekke die trein of alternatief vlieg koste dek, dan sal daar geen ander reiskoste gehef word nie
- Verblyf koste sal op 'n ad hoc basis bereken word.
- Dit sal waardeer word dat besprekings vir opleiding ten minste 'n maand vooraf gedoen word.
- **Betalingsvoorwaardes: SDL kliënte** se betalings moet **streng binne 30 dae geskied**. Aan alle **ander kliënte**, **streng kontant met aanvangs van opleiding**.
- **Kanselasie voorwaardes:** Aangesien daar 'n geweldige hoeveelheid opleiding in 'n beperkte periode (die winter maande)gedoen moet word, en ons heelwat verliese gelei het deur dat kliënte op die laaste nippertjie kanselleer, het ons dit nodig geag om die volgende riglyne in te stel:

1. 'n <u>Geskrewe kwotasie</u> wat die kliënt moet <u>onderteken</u> wat die volgende bevat:

2. Enige kansellasies binne een maand van opleidingsdatum word die kliënt vir **75%** van opleidingskoste **gefaktureer.**
3. Enige kansellasies binne twee weke van opleidingsdatum word die kliënt vir **100%** van opleidingskoste **gefaktureer.**
4. Kursus besprekings moet per e-pos of per faks gedoen word

- Dit sal waardeer word as die Prospektus nie aan ander Opleidings Instansies uitgeleen sal word nie.
- Elkeen van hierdie kursusse is beskerm deur die kopie reg wet.

## Laastens; As u dink dat opleiding duur is, probeer ONKUNDE

MALFO TEGNIESE OPLEIDING BK / CC *Reg Nr/Reg No 2007/204754/23*

**M. Mallinson:** Assessor by AgriSETA #AGRI/ASS0441/07,
ETDP SETA #2005/1843/07. **TETA- ASSR15-539**
Vaardigheids Ontwikkeling Fasiliteerder (S.D.F.)
by ETDP SETA #LPL/SDF0017/07
Moderator by ETDP SETA. en **TETA: MODR17-43**
**TETA** Akreditasie**: TETA 17-869**
**Dept. Van Arbeid: CI 479**

MALFO OPLEIDING